# DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE LEVUBU.
# EVANGELISASIE WERKSTUK NO. 3
# DIE TWAALF ARTIKELS IS DIE EVANGELIE.

**Opsomming.**
1. Die inhoud van die Twaalf Artikels is die evangelie.
2. Elke een van die Twaalf Artikels het 'n eie troos en betekenis wat ons saam met al die ander moet ken en glo.

1. Die inhoud van die Twaalf Artikels is die samevatting van die hele evangelie se inhoud.
Met die aanduiding "Die evangelie" word daar in Nuwe Testament na 'n baie spesifieke saak met 'n baie spesifieke inhoud verwys. Die evangelie is nie maar net 'n algemene aanduiding van 'n boodskap uit die Bybel nie. Nie alle boodskappe uit die Bybel is evangelie nie. Ons het al gesien dat die Woord van God uit twee dele bestaan nl. Wet en Evangelie. Die dele in die Bybel wat oor die Wet handel is nie evangelie nie. Verder, die saak wat as evangelie verkondig word in die Bybel,kom eers in die Nuwe Testament tot vervulling. In die Ou Testament is die saak wat as evangelie geopenbaar word wel aangekondig en bekendgestel in vooruitwysings, voorbeelde en seremoniële handelinge. Maar die woord sowel as die saak "Die Evangelie" word eers in die Nuwe Testament gebring en vervul deur Jesus en verkondig deur die apostels wat die opdrag daartoe ontvang.

Die saak "Die Evangelie" is so spesifiek dat Paulus in sy briewe net die woord noem en daarmee die hele saak aandui, sonder om enige verdere verduideliking of beskrywing te gee oor wat hy bedoel of waarna hy verwys. Die veronderstelling is dat sy lesers presies weet wat is die hele saak waaroor die evangelie handel. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Rom. 1:16,17; 10:16 (Ou vertaling); 11:28; 1 Kor.4:15; 9:14 ,18 en 23;2Kor.8:18; Gal.2:5; Fil.1:5,7,12,16,27; 2:22; 4:3; 1 Thes.2:4; 2 Tim.1:8;

Dit is dan een van die eerste behoeftes van die kerk gewees. Dit is nie so dat ons presies weet waarna verwys word met die woord en aanduiding "Die evangelie" nie. Daarom het die kerk ook baie vroeg die kerninhoud en die hoofsaak van die evangelie saamgevat in 'n belydenis:die Twaalf Artikels. In die Twaalf Artikels word al die verskeie onderdele van die evangelie in sy samehang en geheel saamgevat soos wat dit as 'n geïntegreerde geheel werk, bestaan en ons daarin deel.

Dit is die doel van die Twaalf Artikels as geloofsbelydenis.
Om vir ons 'n kort samevatting te gee van die hoofsaak van dit wat as "Die evangelie" in die Bybel aangedui word! In die Woord van die Here kry ons ook, net soos in die Twaalf Artikels, kort opsommings waarin die skrywers die hoofsaak van dit wat as die Evangelie verkondig word, saamvat.

Ons kan enkele van die opsommings in die Bybel met die Twaalf Artikels vergelyk om te sien dat die Twaalf Artikels die kerk se samevatting van die Evangelie se hoofinhoud is.

A. Paulus.
Dwarsdeur die briewe van Paulus gee hy kort samevattings van die saak wat hy as die evangelie verkondig. Die brief van Paulus aan die gemeente in Rome begin met so samevatting

" Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus,geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. 2 Hierdie evangelie het hy vooruit deur die profete in die Heilige Skrif aangekondig,3 en dit handel oor sy Seun. As mens is hy uit die geslag van Dawid gebore; 4 op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is,Jesus

Christus ons Here. 5 Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder die heidennasies,om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring."

Hierdie aanduiding van wat die inhoud van die evangelie is, bestaan uit verskeie samehangende dele:

1.Die saak "Die evangelie" is die evangelie van God. Hy is die oorsprong en die bewerker daarvan. Die evangelie is 'n daad, ʼn handeling van God die Skepper self.
2. Die saak,die evangelie, is in die Ou Testament vooruit aangekondig. In die koms van Jesus is die aankondigings van die profete vervul.
3. Die inhoud van die evangelie is 'n bekendmaking en handel oor die Seun van God.
4. Die inhoud behels dat Hy:
    4.1 as mens uit die geslag van Dawid gebore is.
    4.2 uit die dood opgestaan het.
    4.3 op grond van sy opstanding deur die Heilige Gees aangewys is.
    4.4 die aanwysing gaan oor Jesus wat met mag beklee is
    4.5 die volmag van Jesus word in die titels "Christus en Here saamgevat
5. Jesus roep en stel mense in die amp aan (Paulus as apostel) om die evangelie te verkondig.
6. Jesus as Here bring mense deur middel van die verkondiging van die evangelie tot geloof.
7. Deur geloof in die evangelie kom mense tot gehoorsaamheid aan God.

Die evangelie is soos hier deur Paulus aangedui 'n enkele saak waar God die Vader in en deur God die Seun mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid aan God bring. Die een saak bestaan uit verskillende dele wat elk 'n baie spesifieke en duidelike betekenis het.

Vergelyk ons die inhoud van die Twaalf Artikels met die inhoud van die evangelie as 'n samevatting soos Paulus ons dit in Romeine 1 aandui,is dit duidelik dat die belydenis na inhoud 'n samevatting van die evangelie is.

| Twaalf Artikels. | Romeine 1:1 - 7. |
|---|---|
| Ek glo in God die Vader | Hierdie evangelie…deur sy |
| Die Almagtige skepper van die | profete…aangekondig en dit |
| hemel en die aarde. | handel oor sy(Vader) |
| en in Jesus Christus | (.4.Jesus Christus ons Here) |
| sy eniggebore Seun, ons Here | Seun |
| wat ontvang is van die Heilige Gees | as mens is hy uit die geslag |
| gebore is uit die maagd Maria | van Dawid gebore |
| gely het onder Pontius Pilatus | |
| gekruisig , gesterf ,begrawe is | |
| en ter helle neergedaal het | |
| op die derde dag weer opgestaan | op grond van Sy opstanding |
| het uit die dode | uit die dood is Hy deur die |
| opgevaar het na die hemel en | Heilige Gees aangewys as |
| sit aan die regterhand van God | die Seun van God wat met mag |
| van waar hy sal kom om te oordeel | beklee is |
| die wat nog lewe en die wat reeds | |
| gesterf het | |
| Ek glo aan 'n heilige ,algemene | ..ook julle is geroep om |
| Christelike kerk, die gemeenskap | aan Jesus Christus te |
| van die heiliges | behoort |
| die vergewing van sondes | genade en vrede vir julle |
| die opstanding van die vlees | van God ons Vader en die |

```
en 'n ewige lewe.                    |Here Jesus Christus.
```

In die ander samevattings van Paulus oor wat evangelie is, is dit duidelik dat deurgaans kan ons die inhoud van die Twaalf Artikels sien as 'n volledige samevatting van die hoofsaak van die evangelie soos deur Paulus aangedui. Vergelyk dit met die volgende aanhalings:

1 Korintiërs 15:1-6. "Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. 2 Deur die evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom. 3 Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte; 4 Hy is begrawe en op die derde dag opgewek,volgens die Skrifte. 5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf ,6 en daarna aan meer as vyfhonderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe."

1 Tim.3:15,16.
“Die gemeente is die draer en die beskermer van die waarheid. 16 En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: as mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan Sy kant is,aan die engele het hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, in heerlikheid is Hy opgeneem."

b. Lukas – Handelinge.
Die Lukas – Handelinge boek gee ook vir ons kort samevattinge oor die inhoud van die saak wat as die evangelie aangedui word. Die samevattinge word weergegee in die vorm van verduidelikings van Jesus oor sy werk en kort preekweergawes in Handelinge.

Aan die einde van die Lukas evangelie verskyn Jesus aan sy dissipels as mens na Hy dood was. Op die ongeloof en die verbasing van die dissipels gee Jesus aan hulle dan 'n verduideliking van sy werk:'Daarna se Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat ek vir julle gesê het toe ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en die psalms oor My geskrywe is. "45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder se Hy vir hulle:"So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan ,47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder. 48 Julle is getuies van hierdie dinge…'

In hierdie verduideliking van Jesus word die evangelie opgesom. Die inhoud van die Twaalf Artikels stem saaklik ooreen met die inhoud van Jesus se verduideliking. Dit is belangrik om te let dat die amp en opdrag tot getuie wees in die kerk gaan oor die verkondiging van die inhoud van die evangelie, die inhoud van die Twaalf Artikels.

Hierdie opdrag tot verkondiging van Jesus in Lukas 24 begin na die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge twee. Die preek van Petrus is die eerste getuienis van die kerk na die opstanding, as vervulling van die opdrag in Lukas 24. Wat is die inhoud van die getuienis? Dit is niks anders as 'n oorsig oor die inhoud van die evangelie nie. In sy preek word die evangelie in hoofsaak verkondig. Hoe lyk die samevatting?

Hand. 2:22-36. "Israeliete,luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. 23 God het besluit en dit vooruit bepaal om hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. 24 Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou…32 God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang

en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.......36 Die hele Israel moet nou vas en seker weet :God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak."

Die een saak wat hier verkondig word en waaroor getuig word, die evangelie, word met die volgende dele voorgehou:

1. God ,die Vader het Jesus bekend gestel deur die wonders.
2. Dit was die raad en die wil van die Vader om Jesus uit te lewer en te laat kruisig en doodmaak.
3. Die Vader het Jesus uit die dood opgewek.
4. Hy is verhoog aan die regterhand van God.
5. Hy het die Heilige Gees ontvang en uitgestort.
6. Hy is Here en Christus.
7. Hy skenk die Gees en vergifnis aan die kerk.

Dit is dieselfde inhoud wat die kerk, net soos Lukas, in die Twaalf Artikels saamgevat het. As daar in die kerk getuig word, is dit wat getuig moet word.

Die preek in Handelinge twee is die patroon en die inhoud van die getuienisse in die Handelinge boek: Petrus en Johannes se toespraak in die pilaargang van Salomo (Hand.3: 1-26), Petrus en Johannes se getuienis voor die Joodse raad(Hand. 4:8-11), en Paulus en Barnabas in Antiogië (Hand.13: 16-41.).

Waar daar verder in Handelinge die begrip "die evangelie" gebruik word , word veronderstel dat die inhoud van die begrip , die inhoud is soos in hoofstuk twee verkondig: 8:4 "Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is , het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. 8:35 "Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig." 9:28 "Saulus het toe oral in Jerusalem met hulle rondgegaan en openlik in die Naam van die Here gepreek."

As ander kort beskrywings oor die evangelie gegee word ,dan is die veronderstelling dat die inhoud daarvan is soos aangedui in Handelinge twee : "die verkondiging van die Woord" 4:29,30. ,"die lering in die Naam " 5:25,28 en "die verkondiging van die woord van God." 13:5 en 15:35.

Die antwoord van die mense op die evangelie word deurgaans beskryf as dat hulle tot geloof gekom het. Die kerk word dan t.o.v. die evangelie ook deurgaans beskryf as "die gelowiges", d.i. gelowiges in die evangelie. Vergelyk byv. Hand 2:41"Die wat sy woorde aangeneem het, is gedoop , en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg." 2:44 "Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel" 4:4 " Tog het baie van die mense wat hulle prediking gehoor het , gelowig geword ;en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent vyf duisend." Dit is ook die eis wat in die twaalf artikels gestel word as dit wat van die mens gevra word: Ek glo … in die evangelie, soos saamgevat in die Twaalf Artikels.

Ons kan volgens die samevattinge wat Paulus en Lukas van die evangelie maak, sê dat die evangelie een baie spesifieke saak is met baie spesifieke inhoud wat deurgaans op dieselfde wyse aangedui word.

**Die inhoud van die Twaalf Artikels is 'n kort samevatting van die hoofsaak van die hele evangelie**

2. Die Evangelie: twaalf dele waarin elke afsonderlike deel 'n eie bydrae tot die een saak van verlossing deur Jesus maak.

Kyk ons na die Twaalf Artikels as samevatting van die evangelie, sien ons dat daar in die evangelie twaalf onderskeie dele is. Elk van hierdie dele het 'n eie betekenis wat 'n eie en besondere bydrae maak tot die een groot saak van verlossing. Sou een van hierdie dele van die evangelie ontbreek of verander word in sy betekenis, sal dit die hele evangelie se werking, aard en doel verander en skeeftrek.

Net soos wat 'n boom bestaan uit wortels, 'n stam, takke, blare en blomme en elke deel nodig is sodat 'n boom kan leef, voortplant en vrug dra, net so is dit met die inhoud van die evangelie. 'n Boom sonder blare is nie maar net 'n boom sonder blare nie, dis 'n dooie boom. 'n Boom sonder wortels is nie maar net 'n boom sonder wortels nie, dis 'n dooie boom.

Met die evangelie is dit ook so ,as een van die twaalf dele ontbreek of verander word ,word die evangelie se krag ontneem en sy werking uitgeblus. Om dit te verstaan kan ons enkele van die twaalf dele in hulle onderskeie betekenis en werking binne die geheel aandui.

Die evangelie.
'n Eenheid en geheel.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,die Skepper van die hemel en die aarde.
en in Jesus Christus,sy enigge bore Seun ,ons Here.
wat ontvang is van die Heilige Gees,gebore is uit die maagd Maria
gely het onder Pontius Pilatus gekruisig is,gesterf het en begrawe is,
ter helle neergedaal het.
op die derde dag weer opgestaan het uit die dode,opgevaar het na die hemel en sit aan die regter hand van God, die Almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.
Ek glo in die Heilige Gees,aan 'n heilige ,algemene,Christelike kerk,die gemeenskap van die heiliges,vergewing van sondes die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Onderskeie dele met elk 'n eie betekenis en bydrae.

1. Jesus neem die natuur van mens aan.Hy is so middelaar en maak dat ons God vrymoed ig kan nader.
2. Hy is heilig as mens.Ons word daarin ingesluit en is so heilig voor God.
3. Hy het die oordeel van God gedra en ons staan vryge spreek voor God .
4. Hy is deur God vervloek sodat ons in God se sëën deel.
5. Hy het geboet voor God om ons los te koop van boete.
6. Hy is deur God verlaat,so word ons aangeneem.
7. Hy het die dood oorwin so deel ons sy opstanding
8. Hy het die hemel ingegaan Hy gaan ons in ons saak by die Vader voor.
9. Hy skenk ons sy gawes en versamel ons so tot sy volk.

Elke een van die twaalf onderdele van die evangelie gee 'n baie besondere bydrae tot die verlossing.

- Jesus se geboorte uit Maria maak Hom as mens heilig en sy heiligheid is iets wat ons met Hom deel. 'n Evangelie waar Jesus vir ons sondes betaal, maar ons nie deur Hom geheilig word nie, maar self voor God heilig moet word, is 'n dooie en kragtelose evangelie. Dit help die sondaar niks nie.
- 'n Evangelie waar Jesus vir ons gekruisig is, maar ek self my hart of lewe as offer vir my sonde moet bring, is 'n nuttelose evangelie. My offers kan my nie red nie en kan nie my gewete van skuld reinig nie.

- 'n Evangelie waar Jesus ons sondes vergewe maar nie ons liggame uit die mag van die dood kan opwek,wat die oordeel van die sonde is, is 'n nuttelose evangelie. Dit is hoe Paulus dit beskryf in 1 Kor. 15:12 -34."…As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie…en as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en julle nog gevange in julle sondes…As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammeringswaardigste van alle mense."

Verder, al twaalf dele van die evangelie werk van die begin af as 'n geheel. Die onderdele kan nie buite die geheel bestaan of verkondig word nie. Ons kan dit met die vorming en die ontwikkeling van 'n mens vergelyk. Vandat die mens in konsepsie gevorm word, groei die mens as 'n geheel. Die mens ontwikkel nie eers 'n kop en dan ore en dan oë nie. Elke deel van die mens groei saam binne die geheel. So werk die evangelie ook. Al die dele is nodig om gered te wees en geloofsekerheid te gee.

'n Mens word nie eers van jou sonde gered, en later word jy heilig en nog later ontvang jy die Gees nie. Ons deel in al die twaalf dele van die evangelie as 'n geheel. Eers so is die evangelie 'n krag tot redding van elkeen wat die hele evangelie in al sy dele,ken en glo. Ons deel van die begin af in die geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding hemelvaart en die ontvangs van die Gees volledig.

3. Evangelie en evangelisasie.
Die opdrag van die kerk is om die evangelie te verkondig. Dit beteken die inhoud van die Twaalf Artikels moet so aan die lidmate en die wêreld bedien word, dat hulle die evangelie in sy geheel,met elke onderdeel se betekenis, belofte en troos kan ken en daaraan kan vashou. Dit is wat getuienis beteken, om oor hierdie dinge, die dinge soos in die Twaalf Artikels saamgevat, te getuig.

Waar die evangelie verkondig word en die lidmate dit in die geloof vasgryp is die evangelie die krag tot redding, maar ook die krag tot 'n nuwe gehoorsaamheid aan die Here.(Rom.1:5 Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring.)

Daarom moet die kerk elke getuienis toets aan die inhoud van die Twaalf Artikels of dit die verkondiging van die evangelie is. Hierdie toets is nodig.Net die hele evangelie kan die troos en krag van elke gelowige wees. Dit is wat ons moet soek en vind. Baie bygeloof en eiesinnige vroomheid word vandag verkondig in die naam van die evangelie, maar sonder die inhoud van die Twaalf Artikels. Waar en wanneer ons weet die Twaalf Artikels se inhoud is die evangelie en ons die betekenis van elke deel ken, sal ons kan sien waar word evangelisasie gedoen en sal ons die volgende praktyke kan uitken as valse bedieninge.

4. Die mobilisering van die massas met slagspreuke.
Die evangelie is die inhoud van die Twaalf Artikels in sy geheel. Die evangelie is nie maar net enkele losstaande slagspreuke nie. Baie sulke slagspreuke word as krete uitgeroep en voorgehou as die aankondiging van die evangelie. “God het jou lief!” “Die Here het 'n plan met jou lewe!” “Godsdiens kan gevaarlik wees! Jesus wil jou van die onderdrukker bevry!” “Jesus vir 'n nuwe Suid -Afrika!” “Jesus vir volk en vaderland!” “Jy kan waarlik gelukkig, en ryk en gesond wees!” Wanneer jy so ’n slagkreet hoor, moet jy dit baie goed van die verkondiging van die evangelie onderskei.

Slagspreuke is nie maar net nog 'n manier van die verkondiging van die waarheid nie. Dink maar aan die slagspreuk, "Als is beter met groot, groot Coke!" Hierdie slagspreuk wil glad nie as 'n lewenswaarheid geld dat die ekonomie, die politiek en die maatskaplike lewe alles beter sal werk as mense Coke drink nie. Die wat dit sê bedoel dit so nie en die wat dit hoor verstaan dit ook nie so nie. Al is dit wat 'n mens sê. Dis 'n slagspreuk. Al wat 'n slagspreuk

wil doen is om 'n begeerte in jou te wek. 'n Begeerte waar die persone met die krete jou met hulle produk sal bevredig of jou sommer net gebruik.

Die evangelie is nie so 'n slagspreuk nie. Dit is die verkondiging van die dade van God. Die dade soos saamgevat en bely in die Twaalf Artikels. Ons moet nie mense wat slagspreuke uitroep, aansien as getuies van God nie.

5. <u>Die evangelie is nie 'n enkele losstaande godsdienstige waarheid nie.</u>
Die evangelie is ook nie 'n losstaande feit nie. ʼn Feit is iets soos "suurstof is nodig vir die lewe" of "twee maal twee is vier". Die meeste bygeloof vandag begin hulle verwarring met een groot losstaande feit: “Jesus het vir ons sondes gesterf.” Nadat hierdie een stelling soos 'n feit aan jou voorgehou is, word al hulle wette en eise van bygeloof aan die stelling vasgemaak as sou die reëls en gebooie die evangelie wees.

Die gewone resep van hierdie bygelowe lyk min of meer so:

Die evangelie is die wonderlike nuus: jy kan waarlik gelukkig wees! Jesus het vir jou sondes gesterf,maar

- jy moet jou sondes bely,
- jy moet jou hart vir God gee,
- jy moet God in jou lewe in nooi,
- jy moet met God vervul word,
- jy moet 'n vredesdraer word,
- jy moet help bou aan die nuwe of die ou Suid – Afrika,

en nog eise en reëls na keur en na smaak. Tussen al die reëls en eise staan die een sin, “Jesus het vir jou gesterf.” Hierdie stelling moet by jou die indruk wek dat dit nou gaan oor die evangelie.

Dit is weens die weerhouding van die waarheid en oppervlakkigheid dat baie mense net weet Jesus het vir hulle gesterf, sonder dat hulle weet dat dit beteken dat Hy die boete en offer vir sonde betaal het wat ons van enige vorm van offer vir sondes vrymaak. Dit word selde so aan die lidmate deurgegee.

Verder, dat hulle behalwe vir die sin niks van die betekenis weet of dit as deel van hulle saligheid aan vashou en glo dat

- Jesus vir hulle gebore is en hulle voor God werklik heilig is;
- Jesus vir hulle aangekla is en oorgelewer is en ons nooit in God se oordeel sal staan nie, ook nie met die wederkoms nie;
- Jesus vir hulle aan die kruis vervloek is sodat God hulle altyd sal seën;
- Jesus vir hulle ter helle neergedaal het en Hy hulle nooit sal verwerp maar aanneem nie;
- Jesus vir hulle uit die dood opgestaan het en hulle ʼn nuwe natuur gee nie.

Die meeste wat sê dat Jesus vir hulle sondes gesterf het, glo dat hulle nog eendag na al hulle sondes uit die groot boek sal moet luister as aanklagte. Min lidmate weet dat Jesus werklik nog mens is vandag en dat ons werklik weer na liggaam en siel uit die dood sal opstaan om mens te wees. Die meeste glo ons sal gees wees, en dan nog een gees met God.

Daarom moet ons die evangelie goed onderskei van die ligsinnigheid waar een so stelling uit die Twaalf Artikels binne 'n doolhof van onsamehangende reëls en wette voorhou gehou word en dan die hele resep voorgehou word asof dit die ware evangelie is.

Die getuienis van die kerk is die volle bediening van die volle evangelie aan sy lidmate sodat elke lidmaat die hele evangelie kan ken en daarin sy volle troos vir sy eie sonde en volle krag tot 'n nuwe lewe in diens van God kan vind: die volle inhoud soos saamgevat in die Twaalf Artikels.

5. Die evangelie is 'n eenvoudige, verstaanbare en duidelike saak.
Die evangelie soos bely in die Twaalf Artikels is nie 'n intellektuele, wysgerige en teologiese stelling nie. Dit word baie keer voorgehou dat die evangelie so 'n groot en uitgebreide leerstellige saak is dat jy eers 'n dogmatiekboek moet deurlees voor jy die saak in sy geheel kan ken en glo.

Binne die mentaliteit word daar graag voorgehou dat

- 'n gewone mens die Bybel se regte betekenis nie kan verstaan voor hy nie eers die Griekse of die Hebreeuse betekenis van die Bybel verstaan nie;
- 'n gewone mens nie die evangelie na inhoud kan ken en glo voor hy nie eers al die geskiedenis van die konings en keisers en goewerneurs ken nie;
- 'n gewone mens nie die evangelie verstaan voor hy nie eers die antieke kultuur en lewenswyses ken of
- 'n sintaktiese en semantiese analise van die Bybel gemaak het nie.

As hierdie mentaliteit waar sou wees,sou dit beteken dat dit net die mense met doktersgrade in filosofie, taalkunde, geskiedenis en kultuurgeskiedenis is wat die evangelie se ware betekenis kan ken en die Bybel kan lees.

Dit is egter nie waar nie. Kom ons toets dit gou.

Die evangelie leer dat deur die sterwe van Jesus is die volle boete van ons sonde betaal en kan, of hoef ons niks aan God te gee as 'n offer vir ons sonde nie, nie ons hart nie, nie ons lewens nie, nie ons tyd nie. Niks kan meer van ons gevra word as betaling vir ons eie sonde nie. Ons moet net vertrou dat Jesus se selfoorgawe vir God voldoende was vir al ons eie sonde.

As ons die evangeliewaarheid in die Bybel lees, is dit 'n duidelike en eenvoudige saak wat almal, ryk en arm, slim en dom, Westers en Negroïed, motorwerktuigkundige en professor, kan ken en vertrou.

Ons kennis van die regeringstyd van keiser Octavianus Augustus, van die Esseners se manuskripte, van die eetgewoontes in die stad Rome, die “hotie-an” konstruksie in die Griekse taal, die samestelling van die Sanhedrin of die “nous” in die Griekse gnostiek, kan nie die evangelie waarheid oor die betekenis van die sterwe van Jesus, of duideliker maak as wat dit is nie, of nog erger, die "ware" betekenis van die evangelie verduidelik nie.

6. Die waarheid en kenbaarheid van die evangelie is nie afhanklik van die wetenskaplike kennis van die taal, die geskiedenis of die filosofie nie.
Die evangelie is na sy inhoud 'n eenvoudige saak. Eenvoudig nie omdat dit 'n enkele losstaande slagspreuk of feit is nie ,maar omdat dit die waarheid oor God se genade, barmhartigheid en goedheid aan sy kerk is. Sy kerk is nie net die dogmatici van die dag nie , die aktiviste of die geestelike aanstelleriges nie. Sy kerk is begenadigde mense. Die inhoud van die daad van God se genade is aan 'n sondaar 'n verstaanbare, duidelike en eenvoudige saak.

Kom ons lig dit toe met 'n voorbeeld .As 'n mens in die see gaan swem en jy word deur 'n sterk seestroom ingetrek waarteen jy niks kan doen nie, hoef jy nie 'n geestelike ,'n aktivis, 'n geleerde of 'n blanke te wees om te weet jy is in die moeilikheid nie. Verder, as die

lewensredder inswem en jou uit die stroom kom haal ,hoef jy nie eers 'n doktersgraad in Grieks of Hebreeus te hê om te weet wat die lewensredder vir jou doen nie.

Net so is dit met die genade, die barmhartigheid en die liefde wat God aan sondaars bewys, regte sondaars, nie net mense wat maak of hulle sondaars is nie. Dit is eenvoudig en maklik om te ken en te glo want dit is die reddingsdade van God waarin ons deel. Die evangelie gaan in elke deel oor die groot dade van God om sy volk te verlos tot diens en aanbidding.

7. Die evangeliese nood van die kerk.
Die evangeliese nood van die kerk is dat sy lidmate nie weet dat die inhoud van die Twaalf Artikels is die evangelie nie. Vir die meeste van ons is die evangelie net 'n slagspreuk wat ons aktiveer vir aksies, al weet ons nie mooi waaroor alles gaan nie, of die meeste van ons weet Jesus het vir ons gesterf en ons moet nou al die geestelikheid en wette wat ons elke dag as verwyte en beskuldigings en oordele oor die kansels hoor, doen, anders is ons nie regtig wedergebore Christene nie en gaan ons hel toe.

Die evangelie is vir ons moeilik en onverstaanbaar omdat niemand dit verkondig as die inhoud van die Twaalf Artikels en elke artikel se betekenis, belofte en troos aan die mense meedeel nie.

Wanneer ons dan uit die gebrek aan kennis van die evangelie verward is, word daar dan voorgee dat ons verward is omdat ons nie Grieks, Hebreeus, geskiedenis of filosofie agter ons het nie, of nog erger, dat dit is omdat ons iewers 'n diep persoonlikheidsprobleem het.

Almal konfronteer ons omdat ons sleg, nie bekeerd, koud, onbetrokke en dood is. Maar, watter gewone lidmaat kan sê wat beteken,

- die geboorte van Jesus vir hom?
- die ontvangenis van die Gees?
- die ter helle neerdaal van Jesus ?
- die hemelvaart?

Watter gelowige het u al gehoor wat se dat hy glo Jesus het vir hom opgevaar na die hemel en hy weet watter troos en seën dit inhou en hy hou elke dag vas aan die betekenis van die hemelvaart van sy Here?

8. Hoekom ons dit nie ken nie is omdat ons dit nooit hoor nie!
Die waarheid van die inhoud van die evangelie is aan die lidmaat onbekend omdat hy dit nie hoor nie, maar in die plek daarvan hoor, deur slagspreuke en krete, dat hy geestelik moet wees om die land te red ,na links en na regs, hy moet bekeer deur boetedoening en al die eise en wette moet nakom van die geestelike voorbeelde: die ware wedergeborenes, die ware vredemakers en die ware verhoudingsmense in die land.

Die lidmaat in hierdie nood moet nie met die verwarring voortgaan of in selfverwyt uitsak nie. Die nood is dat die inhoud van die evangelie onbekend is ,die eenvoudige en verstaanbare evangelie. Wie die nood so erken kan begin vra na die waarheid en die kerk voor die uitdaging stel om die volle evangelie te verkondig aan sy lidmate. Dit, en niks anders in die plek daarvan, is die roeping van die kerk, dit is evangelisasie en getuienis.

ds. PJ Kriel
NG Gemeente Levubu
1990

**Die geskiedenis van hierdie werkstuk.**
Hierdie werkstuk is in 1990 aan die lidmate van die NG gemeente Levubu tydens huisbesoek deur die ouderlinge gegee. Dit was die derde werkstuk in ŉ reeks van vyf. Die eerste werkstuk in Junie 1989 was ŉ volledige uiteensetting van die onderskeid wet en evangelie met die betekenis van elke deel van die evangelie. Die tweede werkstuk was ŉ voorbeeld om te wys dat bekering, soos geleer as dankbaarheid in die Heidelbergse Kategismus, nie die wyse is waarop ons vergifnis ontvang nie.

Die kerkraad van Levubu het in 1984 besluit om hulle te distansieer van die tipe bekering wat in die NG Kerk verkondig word as weg tot saligheid. Dit is die Pinksterbekering. Hulle het hulle weer verbind tot die geloof in die evangelie as die enigste wyse waarop vergifnis ontvang kan word. ( Sien op webwerf onder Brandpunte 1984.09.25 Die doopsondersoekkommissie verslag van die kerkraad van Levubu). In 1986 het die kerkraad die NG Kerk gewys op die dwaling binne die NG Kerk van die twee stappe", hoe om bekeerd en godsvervuld te word, in ŉ werkstuk wat aan elke gemeente in die hele land gestuur was. (Sien op webwerf onder Brandpunte 1986.08.19 Levubu gemeentebou verslag uitgestuur aan alle NG Kerkrade besluit 36.1.2)

Ds. PJ Kriel het van 1985 tot 1988 die gemeente gelei op hierdie pad waar hulle nie meer deel van hierdie twee geestelike godservarings van die moderne Christelikheid was nie, maar deel van die evangelie verkondiging van geloof en geloofsgehoorsaamheid.

In 1988 het twee gebeurtenisse gedreig om hierdie bediening van die evangelie in die NG Gemeente Levubu vanuit die breë NG Kerk te beëindig. Na die aanvaarding van die beleidstuk “Kerk en Samelewing” in die plek van die vorige beleidstuk, “Ras, Volk en Nasie” het daar ŉ skeuring binne die NG Kerk gedreig wat saamgeval het met die stigting en rigting van die Konserwatiewe Party.

Die poging van die geestelikes om hierdie skeuring binne die NG Kerk af te weer, was om ŉ geestelike herlewing uit te roep op die voorbeeld van die 1860 herlewings in die Kaap. Hierdie herlewingsgeestelikheid is die bedryf van bekering en godsvervulling waarmee die kerkraad van Levubu in 1984 gebreek het vir die evangeliebediening.

Hierdie geestelike herlewing het saamgeval met die 150 jarige herdenking van die Groot Trek. In die jare dertig het die NG Kerk die 100 jarige herdenking van die Groot Trek as ŉ volksherlewing bedryf en so die volksoplewing met die herlewing van die Kaap een geestelike bedryf gemaak. Met hulle herlewing het die NG Kerk Afrikaner nasionalisme vergeestelik. Daarom wou hierdie herlewingsaandrywers die gees en krag van die 1936 volksherlewing oproep om die dreigende skeuring in die NG Kerk af te weer.

Binne Levubu gemeente het veral nuwe lidmate wat as gesekondeerde amptenare uit Pretoria na Sibasa gekom het, met die evangelie bediening in die gemeente gesukkel. Die prediking van die evangelie was vir hulle onbekend omdat hulle uit gemeentes gekom het wat die moderne Christelikheid bedryf het. Hulle onbegrip vir die evangelie het hulle toegeskryf aan die dominee se “onverstaanbaarheid”. Hulle het hulle dominees in Pretoria verstaan, maar nie die leraar van Levubu se prediking van die evangelie nie.

Die oproep tot ŉ tweede volksherlewing, wat moes saamval met die 150 herdenking van die Groot Trek, het al hierdie ou geestelike versugtinge in lidmate in die Levubu gemeente ook losgemaak.

In 1988 het die sinode van Noord Transvaal ŉ amptelike “herlewingssinode” uitgeroep. Hiermee het die sinode die bedryf van ŉ volksherlewing nou deel van die amptelike werksaamheid van die sinode, ringe en gemeentes gemaak. Sou hierdie sinode slaag sou

Levubu gemeente geïsoleer gewees het in die evangeliebediening. Hierdie druk kon die bediening van die evangelie in Levubu tot ʼn einde bring omdat dit die illusie van ʼn herenigde Afrikaanse gemeenskap op die voorbeeld van 1936 se simboliese ossewatrek opgeroep het. Ds. Kriel het eers probeer om die sinodesitting te keer omdat dit eintlik ʼn sinode was wat teen sy eie orde opgetree het. Daarna het hy ʼn mosie ingedien waarin hy voor die sinode herlewing as saak op die tafel neem, die sinode gevra het om nie die saak op die tafel te neem nie. Die sinode het hierdie mosie nie aanvaar nie.

Dit het lidmate in Sibasa gemotiveer om met die Ring en leraars van die Ring van Louis Trichardt te skakel om teen ds. Kriel op te tree oor sy "onverstaanbare prediking". Dit hom ook in die volksherlewingskringe as "Duitse liberalis" verdag gemaak. Die leierouderlig van Sibasa, prof. Karel van Heerden van die Universiteit van Venda, was veral gegrief omdat ds. Kriel ʼn volksherlewing in die gemeente afgeweer het.

Die kerkraad van die Sibasa deel van die gemeente het in Januarie 1989 ʼn vergadering in Sibasa gehou waarin ds. Kriel se "onverstaanbare prediking" in ʼn oop gesprek aan die orde gestel was. Hy het aan die ouderlinge die verskil tussen die wet en die evangelie verduidelik. Hy het ook aan hulle verduidelik dat die onbegrip van lidmate en hulle kinders vir die evangelie was omdat hulle geglo het in hulle bekerings volgens die wet en hulle bygeloof van ʼn tweede godsvervulling. Hy het hulle daarop gewys dat hierdie "onbegrip" nie oor "moeilike teologie" of "liberalisme" gaan nie, maar oor lidmate wat nog nooit die evangelie gehoor het nie omdat hulle ʼn valse "evangelie" in ander gemeentes hoor.

Piet Zaayman, Kobus Louw, Danie Luttig, Johan Maree, en Seret Maree was kerkraadslede wat van 1984 tot 1988 die evangelie bediening aanvaar het. Hulle het na ds. Kriel se verduideliking van die verskil tussen die wet en die evangelie, die kerkraadslede oortuig dat die probleem nie die leraar se onverstaanbare prediking is nie, maar lidmate se verbintenis tot ʼn geestelikheid waarin die evangelie nie meer gehoor en geglo word nie. Hulle het getuig dat hulle ook eers nie verstaan het nie, maar toe die evangelie gehoor en geglo het.

Die kerkraad het toe eenparig versoek dat die leraar vir elke lidmaat ʼn uitleg op Skrif opstel om die verskil tussen die wet en die evangelie te verduidelik. Dit was die eerste van die vyf werkstukke.

Hierdie werkstuk oor wet en evangelie is in Junie 1989 toe deur die kerkraad aan elke lidmaat van die gemeente, in Levubu en Sibasa, tydens huisbesoek gegee en verduidelik.

Hierdie werkstuk het probleme binne die ring veroorsaak. Die leraars binne die Ring op die Ringskommissie het gevoel dat hierdie bediening van die evangelie in onderskeid van die wet, "onduidelik" is. Lidmate uit Sibasa het hulle ook op die Ring beroep omdat hulle nie die eerste werkstuk se onderskeid van wet en evangelie wou aanvaar nie.

Uit die dosentekring van die teologiese fakulteit van Pretoria is die mening aan die Ringskommissie gegee dat die Twaalf Artikels nie die evangelie genoem kan word nie. Die mening is gegee dat "evangelie" dui op ʼn literatuursoort en dat die Twaalf Artikels nie die evangelie is nie. Dit was uit die Bybelwetenskap se onderskeid dat Bybelkunde met die boodskap van die Skrif werk, maar dat die geloofsbelydenisse oor die "dogma" sou gaan.

Dit het die Ringskommissie gemotiveer om ʼn spesiale besoek aan die kerkraad van Levubu te bring om volgens hulle die onrus in die gemeente aante spreek en ook die "onduidelikheid" om die Twaalf Artikels die evangelie te noem op te klaar. Hiermee sou hulle dan in beginsel die evangeliebediening in Levubu keer en die gemeente weer terugbring binne die NG Kerk se geestelikheid.

Beide in die dosentekring van die teologiese fakulteit en die Ringskommissie van Louis Trichardt was hierdie leraars nie meer bekend met die inhoud van die Heidelbergse Kategismus nie:
“22 Vraag Wat moet ŉ Christen glo?

Antwoord. Alles wat **in die evangelie** aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

23 Vraag Hoe lui hierdie artikels?

Antwoord

**<u>Die Apostoliese Geloofsbelydenis</u>**

Artikel 1: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
Artikel 2: en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
Artikel 3: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
Artikel 4: wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;
Artikel 5: wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
Artikel 6: opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
Artikel 7: vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Artikel 8: Ek glo in die Heilige Gees;
Artikel 9: ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
Artikel 10: die vergewing van sondes;
Artikel 11: die opstanding van die liggaam
Artikel 12: en ’n ewige lewe.”

Met die besoek van die Ringskommissie aan die kerkraad het hulle hul self vasgeloop in die onverwagte. Die Ringskommissie het die debat begin met die verklaring dat vir hulle as Ringskommissie is hierdie dokument ook “onduidelik”. Dit was die kerkraad se eerste werkstuk. Hiermee wou hulle die veronderstelde verset teen die evangeliebediening binne die vergadering aan die orde stel.

Hulle het die teendeel gekry.

Een vir een het die kerkraadslede opgestaan en getuig dat hulle nes die Ringskommissie ook nie die prediking van die evangelie in onderskeid van die wet verstaan het nie, maar dat hulle hierdie as die Bybelse boodskap ontdek en aanvaar het. Hulle het een vir een getuig dat hulle van hulle vorige oortuigings gebreek het en nou die evangelie soos bedien, glo.

Nie een kerkraadslid het die “onbegrip” en “onduidelikheid” van die Ringskommissie gedeel nie. Die oop gesprek en die werkstuk van die kerkraad het die kerkraad en gemeente van die inhoud van die evangelie oortuig.

Na hierdie kerkraadsvergadering is daar besluit dat die leraar ŉ werkstuk moet opstel wat vraag en antwoord 22 van die Heidelbergse Kategismus Skriftuurlik moet uitlê. Veral teen die mening wat uit die fakulteit van Pretoria gestel was dat die Twaalf Artikels nie die evangelie genoem kan word nie. Dit was die aanleiding tot die opstel en uitgee van hierdie werkstuk in 1990 binne die NG Gemeente Levubu.

Die ontknoping van die geloof uit bygeloof vir gemeente was die ontdekking dat die inhoud van die Twaalf Artikels, die inhoud is van dit is wat in die Skif “die evangelie” genoem word. Dit het hulle losgemaak van die vorige verwarring waar die evangelie net ŉ slagspreuk

geword het vir die bedryf van ʼn wettiese geestelikheid sonder geloof in die evangelie – die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid!